VOLHARD EN OORWIN



## STEENLÊERS OOR DIE EERSTE JARE

Daar leef nog verskeie onderwysers wat 'n jaar of meer saam met mnr. Odendaal aan die Hoërskool Strand help bou het. Een van hulle is mnr. **Danie Joubert**, nog fris en gesond op 84, wat die eerste adjunkhoof was en einde Junie 1989 as senior adjunkhoof afgetree het.

Mnr. Joubert het mnr. Odendaal as 'n 100% skoolhoof beskryf. So was mnr. Joubert ook `n 100% tweede-in-bevel by die Hoërskool Strand. Hy het die besondere vermoë gehad om konflik op te los en gemoedere te kalmeer, sodat baie probleme, wat gewoonlik by die skoolhoof beland het, nooit by hom uitgekom het nie. Hy was in hart en siel 'n onderwyser. Self het hy die volgende getuienis gelewer: “In al die jare as personeellid van die Hoërskool Strand was ek 'n baie gelukkige onderwyser. Elke dag het ek by daardie voordeur ingestap met 'n glimlag op my gesig en 'n lied in my hart.” Nadat hy afgetree het, het hy nog sowat 10 jaar as Skeinat-onderwyser afgelos, hoofsaaklik by die Hoërskool Strand.

Meneer **Flip Potgieter** het as adjunkhoof ook diep spore nagelaat. As puik wiskunde-onderwyser het hy ook oor 'n besondere skryfvermoë beskik en sy taak as hoofhulp vir die skoolhoof uitmuntend verrig. Ook was hy 'n spanspeler by uitnemendheid. Die basis wat hy as vakhoof van wiskunde in die skool gelê het, sal vir altyd 'n getuigskrif vir sy nalatenskap wees: die Hoërskool Strand se wiskunde resultate is deurentyd van die beste in die Wes-Kaap. 'n Rekord is ook in hierdie verband opgestel toe die 38 leerlinge in die eindeksamen 'n gemiddeld van 76,2% behaal het.
Hy is tans 'n gerekende kunstenaar met 'n paar geslaagde kunsuitstallings op sy kerfstok.

Mnr. Potgieter getuig soos volg: “Dit was my voorreg om deel te wees van 'n skool wat op alle terreine van krag tot krag gegaan het – sport, akademie en kultuur. Hoewel ons geriewe in die beginjare op vele gebiede nog tekort geskiet het, het baie knap en hardwerkende skoolkomitees berge versit om 'n ware opvoedingstuiste vir die Afrikanerkind te skep. Dit was bevredigend om deur die onderrig van Wiskunde 'n bydrae te kon lewer tot die akademiese toerusting vir leerders se beroepslewe. In hierdie taak het ek nie net die voorreg gehad om jong lewens te slyp nie, maar is in die proses self geslyp en gevorm.

Die belangrikheid van 'n skool se *esprit de corps,* of toon en gees, is dikwels deur mnr. A.H. Potgieter uitgelig. Hierdie gees kon slegs gestalte kry deur die insette van onderwysers wat met integriteit en spanwerk hul taak verrig het. Ek kan net dankie sê dat ek kon leer by kollegas wat alles gegee het en van dag tot dag 'n voorbeeld gestel het, sonder dat daar ooit faksievorming of onderstrominge was. (Een uitsondering: in 1971 het ek met die LO-juffrou 'n faksie gevorm, verloof geraak en getrou.)

Vir my het die woordjie “trots” keer op keer betekenis gekry ná die Interskole, of nadat ons ons matriekuitslae ontvang het, of ná 'n skitter-uitvoering van die skoolkoor. Na my verbintenis van 31 jaar met die Hoërskool Strand is dit ook met trots dat ek kan terugkyk en kan deel in die geskiedenis van 'n skool met die leuse: *Volhard en Oorwin*.”
Meneer **Marius van Zyl** is nog 'n bekende oudonderwyser wat veral bekendheid verwerf het vir die reuse bydrae wat hy in die ontwikkeling en uitbouing van die kultuurlewe in die skool gelewer het. Ook het hy jare lank die CSV-tak in die skool lewendig gehou. Die geesdrif waarmee hy hierdie take aangepak het, was net so aansteeklik as sy besondere humorsin. As seremoniemeester het hy gesorg dat prysuitdelings gereeld met spontane, pittige kwinkslae opgekikker is. As een van die adjunkhoofde van sy tyd het hy belangrike bydraes op bestuursvlak gelewer.

Hy getuig soos volg aangaande sy jare by die skool: “Dit was my voorreg om vir 32 jaar aan die Hoërskool Strand verbonde te wees. Die skool was drie jaar oud toe ek aangestel is en die geleenthede om betrokke te raak by die verdere ontwikkeling was 'n groot uitdaging.

Die groei was vinnig en sinvol. Hoe meer ek deel kon wees by die eerste tree en die vestiging van 'n volgende projek, hoe sterker het my lojaliteit teenoor die skool ook geword. Die geleenthede om betrokke te wees by tennisafrigting, redenaarskompetisies, die ACSV, prysuitdelings en ander kultuuraktiwiteite kon ek ten volle benut. En op hierdie terreine was die kwaliteite van hierdie skool se leerlinge,hulle verantwoordelikheid en meelewing 'n besieling. Ek het verskeie van hierdie aktiwiteite as uitstalvensters vir die skool beskou, wat dit inderdaad ook was.

32 jaar! Ja, jy oorleef dit by die Hoërskool Strand. Onthou dit en koester dit."

Hy het einde 1996 afgetree.

***Mnr. G Visser***
***Skoolhoof: 1983 - 1999***